



# Southern African BREEDPLAN news

Issue December 2002

## Welkom aan Namibië se 18 Rasgenootskappe




"Ons speel nou op die internasionale speelveld". Dit is hoe die voorsitter, mnr.

Ryno van der Merwe, die aansluiting van die Namibiese Stoettelersvereniging (NSV) aan BREEDPLAN Internasionaal beskryf het.

By 'n spesiale vergadering van die NSV op Windhoek se Landbouskou het 11 vleisbeesgenootskappe, vyf kleinvee en twee perde genootskappe eenparig besluit dat hulle by BREEDPLAN Internasionaal gaan aansluit. Die stelsel gee Namibië volle autonomiteit, want alle registrasie en prestasie gegewens word vanaf die kantoor van die NSV verwerk.

Genetiese koppelings tussen Namibië en ander lande word daagliks sterker, en dit sal veroorsaak dat Namibiese rasse in internasionale analyses ingesluit word. Alle diere se stamboom- en prestasie gegewens (met 'n foto indien beskikbaar) word ook op die web geplaas. BREEDPLAN se web kry bykans 600 000 besoeke per maand soos internasionale kopers en telers diere op die BREEDPLAN sisteem opsoek.

Mnr. van der Merwe sê die besluit is nie ligtelik geneem nie. 'n Paar prestasie en evaluasie stelsels is ge-evalueer, en ons het een gekies wat die beste aan ons genootskappe se behoeftes sal voldoen. Wat veral beïndruk, is dat BREEDPLAN vir ekstensiewe omstandighede soos in Namibië, ontwikkel is.



Mnr. Ryno van der Merwe, voorsitter van die NSV, sê telers is baie gelukkig met hulle besluit om by BREEDPLAN aan te sluit

## Genetiese toets vir sagte vleis 'n wêreld eerste

Dit is die begin van die einde van taai vleis!

Groot opwinding heers in die internasionale vleisbedryf oor die aankondiging dat 'n geen wat 'n baie groot invloed op



vleissagtheid het, vir die eerste keer wêreldwyd kommersieel beskikbaar gestel gaan word.

Die toets, wat as GeneSTAR® Tenderness bekend staan, sal vroeg in 2003 in Suider-

Afrika kommersieel beskikbaar gestel word. Telers sal vir die eerste keer bulle kan identifiseer wat 'n geen vir sagte vleis dra.

Die effek van die geen is enorm. GeneSTAR® Tenderness is onlangs op 5000 beeste van 7 verskillende rastipes in Australië getoets, en 'n 8-10% verbetering in vleissagtheid is gekry tussen diere wat twee afskrifte van die geen dra, in vergelyking met die wat geen afskrif het nie. Diere met net een afskrif van die geen is intermediêr tot die effek.

Omdat dit DNS is, weet ons dat die effek wêreldwyd min of meer dieselfde sal wees. Telers in Suider-Afrika kan dus onmiddellik vir die geen begin toets.

Telers is ook daarvan bewus dat dit deur middel van nageslagstoetsing bitter moeilik en duur was om genetiese verskille in vleissagtheid van bulle te kon bepaal. 'n

Aantal nageslag van bulle moes letterlik geslag word om te kyk of daar verskille was. Hierdie toets is 'n baie goedkoop alternatief.

GeneSTAR® Tenderness is die tweede DNS toets wat hierdie jaar deur GeneSTAR® bekend gestel is. Die ander toets is die GeneSTAR® Marbling toets. Marmering beïnvloed smaaklikheid en geur van vleis.

Die toets is maklik om te doen. Telers kan of stertkwashare of semen na die GeneSTAR laboratorium stuur. Toetshouers kan vanaf die kantoor of genootskappe bestel word. Die toetse kos tussen R300 en R400 (pryse word deur die hoeveelheid monsters getoets bepaal). Telers word aangeraai om ten minste hul kuddebulle te toets.

Dit is 'n groot eer en voorreg om die 2002 Suider-Afrika weergawe van die BREEDPLAN Nuus aan ons telers bekend te stel. BREEDPLAN het meer as 16 000 stoettelers wêreldwyd, wat een keer per jaar die internasionale weergawe van die BREEDPLAN Nuus ontvang.

'n Suider-Afrika weergawe sal nuus vanaf ons eie telers en wetenskaplikes insluit, terwyl die nuutste tegnologie meer volledig bespreek kan word.

Dit is ook aangenaam om te kan rapporteer dat die oorgangsproses van die Brahmane, Simmentaler en Simbra na BREEDPLAN die afgelope jaar vlot verloop het en dat alle prestasie-, registrasie- en evaluasie- funksies nou direk uit die genootskappe se kantore behartig word. Die oorsakeling het volgens kontrak geskied en is binne sewe maande afgehandel. Ons wil graag ons telers bedank vir hulle ondersteuning, en die terugvoering wat ons kry is geweldig positief. Alle registrasie- en prestasie-gegevens vir elke dier is ook nou op die Internet beskikbaar. Telpers word aangemoedig om hulself te vergewis van hul eie data op die internet.

BREEDPLAN tegnisi het die afgelope jaar baie tyd aan dataredigering bestee. Verskeie diagnostiese programme is gebruik om alle abnormale afwykings te identifiseer. Foutiewe data kan nie in 'n analise gebruik word nie want die hele ras se teelwaardes word negatief met sulke data beïnvloed. Dit is vir ons dus bemoedigend om te hoor dat telers baie meer vertroue in die nuwe teelwaardes het.

Die modelle wat gebruik word om teelwaardes uit te werk is ook opgegradeer en verskeie nuwe funksies het bygekom. Basterkrag word byvoorbeeld vir die eerste keer in die Simbra analise in ag geneem. Verskillende kombinasies van kruisings word saam groepeer en die stambome van die Simmentaler en Brahmane word ook in die analise gebruik. Die verandering in modelle het veral die melk teelwaardes beïnvloed.

Prestasie data van kommersiële diere sowel as stoet diere kan ook vir die eerste keer in die analises gebruik word. Kommersiële prestasiedata sal die akkuraatheid van veral die stoetdiere geweldig verhoog indien dit opgeneem word.

We would also like to welcome the 18 Breed Societies from Namibia whom have decided to join BREEDPLAN. It won't be long before you appreciate the quality of science behind the BREEDPLAN system. Through good support structures, good funding and a ferocious appetite for science, we will ensure that you remain on the cutting edge globally.

A significant development this year is the use of Genetic Markers in animal improvement programs. This technology is especially applicable to those traits that are difficult or expensive to measure (meat quality for example). In Southern Africa we have already tested over 300 animals for the marbling gene. The tenderness gene will be launched early next year. There is absolutely no doubt that this is the science of the future and the next step is to incorporate Genetic Marker Information into EBV's. Our scientists are already hard at work including this new technology into BREEDPLAN.

The BREEDPLAN system covers the whole spectrum of economically important traits: These include Reproduction, Growth, Carcass and Efficiency traits. For traits to be included into the evaluation, they have to be economically important and contribute to the selection objective. BREEDPLAN scientists use numerous economic programs to ensure that this is indeed the case. On page five we discuss the importance of traits such as gain and feed efficiency, and their economic importance in the breeding program.

Understanding contemporary and management grouping is very important. Very often, producers inadvertently apply a management practice that negatively affects the accuracy of the evaluation. Some BREEDPLAN producers for



Michael Bradfield - BREEDPLAN

example still have poor linkages in their herd despite the extensive use of AI programs. In the technical section we revisit the importance of management groups in genetic evaluation programs.

Laastens wil ons graag die Landbouweekblad en telersgenootskappe bedank vir hulle versienheid om die Landbouweekblad-BREEDPLAN BLUP-klas te begin. Ons het geen twyfel dat dit binnekort die vernaamste prestasietoets kompetisie in Suider-Afrika gaan word nie. Die Landbouweekblad-BREEDPLAN BLUP-klas weners sal op die Vryburg, Royal, Pretoria en Windhoek skoue bekend gemaak word. Algehele weners (bul, koei en kudde van die jaar) sal op 'n spesiale geleentheid bekend gemaak word.

Telpers is welkom om ons te kontak indien daar enige navrae of kommentaar is. Ons verbintenis met ons telers is dat ons sal pogg om in alle opsigte resultate van uitstaande gehalte te lewer. In BREEDPLAN Internasionaal het ons sonder twyfel die wêreld se beste vleisbees-prestasietoets program. Ons verbintenis met ons telers is om dieselfde standaard van diens in Suider-Afrika te lewer as wat ons internasionale kliënte tans ervaar. Getuigskrifte in hierdie weergawe van die nuus, sal van die diens getuig.

Aan alle telers, 'n baie geseënde kersfees en 'n voorspoedige nuwe jaar.

## Landbouweekblad-BREEDPLAN BLUP class announced



Show performance is to be combined with BLUP EBV's

The Landbouweekblad, South Africa's premier agricultural magazine, BREEDPLAN and breed societies have combined forces to host the Landbouweekblad-BREEDPLAN BLUP show bull award to be presented at the Vryburg, Royal, Pretoria and Windhoek shows. A final award for the BLUP show bull, "cow group" and "herd" of the year will be presented at a special occasion to be held at the end of each year.

Landbouweekblad and BREEDPLAN wants to bring conventional judging and performance testing based on breeding values closer to one another through the selection of the best bulls, cows and herds in the Southern African region, using modern selection methods.

All breed societies will be invited to participate in this very special event. Awards will be presented within a breed.

# BREEDPLAN well established in SA

I am delighted to see the rapid progress of BREEDPLAN technology in Southern Africa. With Brahman, Simmentaler and Simbra joining in the first year, this represents 36% of the membership of all beef breed societies in South Africa. A good start! I wish to extend a warm welcome to all the breeders involved. You are joining a dynamic program of beef recording and genetic evaluation that is the system of choice in most of the major beef breeding countries around the world. Combined databases of over thirty (30) million cattle confirm this claim.

The Namibian Stud Breeders Association has looked carefully at its alternatives and has chosen to introduce BREEDPLAN International as its national recording system. This is a bold decision and I am confident that our company will meet your expectations. Our software analyst for Southern Africa, Marcus O'Sullivan, is looking forward to his third visit to your region.

It has been pleasing to see the rapid uptake of many aspects of the BREEDPLAN technology package in Southern Africa so quickly. For example, the first (across herd) GROUP BREEDPLAN genetic evaluations have been run for Simmentaler, Simbra and Brahman and results posted to our "Internet Solutions" system which permits enquiry from anywhere in the world. Already the internet enquiry level on data for these three breeds has reached over 7000 per month. This is just a start. Across all breeds serviced with "Internet Solutions" the enquiry level is a massive 600,000 per month. It has grown to this level in just two years - the service was first introduced in the year 2000.

One of the big advantages of BREEDPLAN to Southern African clients is the extensive adoption of this system in many overseas countries. This means that genetic linkages can be readily established for your breed in other countries to enhance your genetic evaluations.

A high priority for BREEDPLAN is the quality of the genetic evaluations. The ongoing development and support comes from a 20-person team of scientists in the Animal Genetics and Breeding Unit (AGBU). Great care is also taken by the ABRI team, to identify data anomalies and resolve those which would adversely affect the quality of results. These are key factors driving the international success of BREEDPLAN.

We are soon to introduce the HerdMASTER on-farm herd management system to Southern Africa. This system is built on the latest Microsoft Windows tools and has excellent facilities for internet transmission of data direct from the program itself together with electronic reading of tags and weights directly into the HerdMASTER database.

HerdMASTER was first developed by our Saltbush team for the American market where it has launched in October, 2001. For this launch, the software was specific to American recording conventions which has made it very popular in that country. In April, 2002 HerdMASTER was successfully launched in Australia using local recording conventions. In 2003, we plan to launch the South African implementation of HerdMASTER.



Arthur Rickards, Managing Director ABRI.

Looking into the future, I am pleased to advise that I have recently taken up one of the founding Director's positions in an exciting new venture called the International Livestock Resources and Information Centre (ILRIC). This is a research company that will combine the expertise of nine existing livestock research groups to develop advanced internet applications for the world's livestock industries. Our initial budget is \$9M (R50M) and this will grow over time as more projects and partners come on line. We look forward to giving our BREEDPLAN clients in Southern Africa access to the benefits of ILRIC developments.

There are many similarities between our countries and so it is only natural to expect strong bonding to develop in commerce, cultural activities and sport. And on that note let me conclude by wishing your teams all the best in the forthcoming World Cups in both cricket and rugby. Of course, the end result will be of considerable interest - but playing the game well is of greatest importance.

## features...

BREEDPLAN eienskappe: ekonomies gebaseer en ver gevorderd .....	bl 5
Prof. Gert Erasmus gee vir ons sy opinie oor vleisbeesteling in Suider-Afrika .....	bl 10
Tegniese brokkies .....	bl 12
BREEDPLAN databasis is op die internet beskikbaar .....	bl 15
DNA toetse: Unistel laboratorium vorm vennootskap.....	bl 16
Onstellers se kommentaar .....	bl 16,17

# BREEDPLAN international testimonials



Doug Fee, CEO of Canadian Angus.  
"Since moving to BREEDPLAN we have moved from 4th to first position in Canada".

"Up to the mid 1990's our business opportunities were being stifled by the limitations of the system offered to us by our previous service provider. The diverse functionality and high capacity of ABRI's software, first installed in 1996, has allowed us to exploit fully the popularity of the Angus breed. Our registrations have more than doubled from around 20,000 in 1995 to over 45,000 in the year just passed - and with this we have moved from 4th spot in the Canadian industry to the industry-leading position."

**Doug Fee,**  
Chief Executive Officer,  
Canadian Angus Association

"In 1995, the American Hereford Association and the American Polled Hereford Association merged organizations to form one unified organization under the American Hereford Association banner. The new association embarked on the enormous task of amalgamating two databases with over 20 million animal records. There was tremendous duplication and confounding in the database that needed conversion. Two firms attempted the task with only partial success. In addition, the new organization went through two programming providers in an effort to become current with new technology. Over a four-year period and after spending hundreds of thousands of dollars, the American Hereford Association developed a relationship with ABRI. This decision proved to be the best business decision the AHA could have made.

The technical expertise of ABRI is unmatched in the pedigree registry business. ABRI personnel had the American Hereford Association registry system running within ten months of the first discussions with ABRI. The project was on schedule and within budget. ABRI technicians identified the inaccuracies in the AHA's very large database and did a magnificent job

cleaning up various anomalies in the data. In all aspects, ABRI delivered service above our expectations.

It is with great enthusiasm that I recommend and endorse the Agricultural Business Research Institute led by Mr. Arthur Rickards. Arthur's team of talented technicians has proven to deliver results under the most difficult of circumstances and their day-to-day service and follow up is excellent."

**Craig Huffhines,**  
Executive Vice President,  
American Hereford Association.

"The advanced technology and power of BREEDPLAN makes it the best available anywhere in the world and the support group at Armidale is one of the most knowledgeable. I have personally looked at similar programs in several other countries as well as everything in the U.S. and BREEDPLAN is the choice!"

**Dr Roger E. Hunsley,**  
Executive Secretary,  
American Shorthorn Association.



# Ekonomies gebaseer en ver gevordered



**Om prestasietoetsing te doen moet vir die teler maklik wees en dit moet natuurlik ekonomies sinvol wees.**

Al klink die stelling logies, is dit een van die groot redes waarom BREEDPLAN vandag meer as 16 000 telers in die vernaamste vleisbeeslande bedien.

BREEDPLAN baseer sy prestasietoetsing op vier hoof komponente (Tabel 1) nl., reproduksie, groei, karkas en doeltreffendheid. Voordat BREEDPLAN enigsins 'n nuwe eienskap in die analise toelaat, word daar bepaal of die eienskap ekonomies belangrik is en of dit 'n betekenisvolle bydra tot die teeldeelwit van die kudde of ras sal maak. Verskeie ekonomiese pakkette word gebruik om te toets of dit aan bogenoemde kriteria voldoen.

Hierdie artikel bespreek van die eienskappe wat met BREEDPLAN gemeet kan word.

**Tabel 1** BREEDPLAN se groei- en doeltreffendheid-, reproduksie- en karkaseienskappe.

Groei en doeltreffendheid	Reproduksie	Karkas
Geboortegewig	Skrotumomtrek	Karkasgewig
200 dae melk	Dae-tot-kalwing	Oogspieroppervlakte
200, 400 en 600 dae gewig	Dragtigheidslengte	Vetdikte
Volwassekoeigewig	Gemak van kalwing	Vleisopbrengs %
Netto-voeriname (NVI)	-	-

## Reproduksie-eienskappe

Terwyl dit van ras tot ras en omgewing tot omgewing verskil, het BREEDPLAN se wetenskaplikes uitgewerk **dat reproduksie in ekonomiese terme, ongeveer twee keer belangriker as groei- en karkaseienskappe is.**

BREEDPLAN se belangrikste eienskap is sonder twyfel die eienskap "dae-tot-kalwing" (Tabel 1). Dit is die datum waarop bulle vir die eerste keer in 'n dekseisoen by elke deksgroep gesit word. Dit is baie maklik om te meet, maar om sinvolle teelwaardes te kry moet alle koeie wat versuim om te kalf, aangeteken word.

Die eienskap "dae-tot-kalwing" identifiseer vroulike diere wat:

- Vroeg puberteit bereik
- Vroeg in die teelseisoen beset raak

- Vinniger gereed is vir dekking na kalwing
- Geboorte gee na 'n korter dragtigheids tydperk (meet dus dragtigheidslengte)
- Koeie wat elke jaar kalf



Dae-tot-kalwing is 'n baie beter aanduiding van 'n dier se reproduksievermoë as tussen- kalfteriode (TKP), omdat dit die genetiese komponent meet. TKP kan baie sterk deur omgewingsverskille beïnvloed word. Koeie in goeie kondisie (bv. op groenvoer) sal byvoorbeeld 'n baie beter TKP as koeie in 'n swak kondisie hê. Omdat dae-tot-kalwing 'n genetiese meting is, word dit glad nie deur die omgewing beïnvloed nie.

Vir telers wat KI gebruik, het BREEDPLAN 'n dragtigheidslengte teelwaarde. Vanselfsprekend meet dit die dragtigheidslengte van koeie. Beide bulle en koeie kry 'n teelwaarde vir dragtigheidslengte.

Skrotum omvang is 'n belangrike reproduksie eienskap omdat dit die puberteit van verse positief beïnvloed. Bulle met groter skrotums produseer gewoonlik ook meer semen. Skrotum omtrek is hoogs oorerflik en in 'n teelprogram word daar maklik daarvoor geselekteer.

Gemak van kalwing word in twee komponente verdeel, nl., die bul se eie bydrae, asook die gemak van kalwing van sy verse. Klein kalwers gee gewoonlik makliker kalwing. Die bul kry dus 'n goeie teelwaarde vir kalwinggemak. Indien die kalf 'n vers is, kan sy moontlik self moeilik kalf waneer sy groot is, omdat sy byvoorbeeld 'n kleiner geboortekanaal en pelvis oppervlakte het. Kalwinggemak van die bul se dogters word dus as 'n aparte eienskap in BREEDPLAN gedefinieer. Ons raai telers dus sterk aan om kalwinggemak te punt, sodat sinvolle data vir hierdie belangrike eienskap gekry kan word.

## Groei-eienskappe

BREEDPLAN moedig alle telers aan om die geboortegewig van kalwers te neem om die sogenaamde "curve benders" te kan identifiseer. Alhoewel die korrelasie tussen geboortegewig en speengewig hoog is (40% - 60%) sal daar bulle wees wat

## Van bl 5

kalwers met lae geboortegewigte en terselfdertyd met hoë speengewigte produseer.

Geboortegewig-maternaal (die invloed van onder andere die koei se uterus op die fetus grootte) word ook in die modelle gebruik om die geboortegewig teelwaarde uit te werk. Geboortegewig-maternaal word egter nie gepubliseer nie omdat dit nie sinvol in 'n teelprogram gebruik kan word nie.


Die 200 dae melkteelwaarde is ook die beste beraming wat tans beskikbaar is van 'n dier se melkproduksievermoë. BREEDPLAN gebruik albei die 200 en 400 dae gewigte om die melkteelwaarde uit te werk.

BREEDPLAN noem sy groei-eienskappe 200, 400 en 600 dae gewig. Alle gewigte word vir die ouderdom van die dier sowel as moeder gekorrigeer. Terwyl seleksie vir hoë 200 en 400 dae ekonomies belangrik is, het dit meegebring dat koeie terselfde tyd groter geword het. 'n Goeie voorbeeld hiervan word in die Noord-Amerika se Angus analise gegee soos in Figuur 1 geïllustreer word. Van 1972 het die Angus sterk op speengewig-teelwaardes geselekteer, maar terselfdertyd het koeie groter geword. (Die korrelasie tussen speen en volwasse koei gewig is redelik hoog). In 1984 het die Angus van koers verander deur koeie te selekteer wat laer volwasse koeigewig het, en die wat nog steeds hoë speengewigte speen. Uit hierdie illustrasie kan ons duidelik sien dat dit belangrik is om volwasse koeigewig by speen te meet.

### Netto-Voerinname (NVI) in plaas van voeromset.

Die eienskap wat BREEDPLAN gebruik om voeromset te meet, word Netto-Voerinname (NVI) genoem. Waarom NVI inname meet en nie gewone voeromset nie?

- Voyeromset is 'n verhouding van voerinname relatief



**Figuur 1** Dit is moontlik om volwasse koeigewig te verminder en terselfdertyd speen- en jaargewig te verhoog

tot groei d.w.s. voerinname/per kilogram gewigstoename((GDT).

- Ons weet dat voeromset redelik hoog oorerflik is maar dat voeromset ook hoog met GDT gekorreleer is (sien Tabel 2).
- Dit is wetenskaplik onmoontlik om vas te stel of seleksie vir voeromset, GDT of voerinname verbeter.
- Die hoë korrelasie tussen voeromset en GDT verhoog ook volwasse koei- gewig. Proff. Herd en Bishop van Australië en Skotland het onlangs weer resultate in die joernaal "Livestock Production Science" gepubliseer wat wys dat seleksie vir voeromset koeie groter en swaarder maak en dus die laatryp tipe dier bevoordeel.
- Indien die koeie groter en swaarder word, wat gebeur met totale kudde doeltreffendheid?

**Tabel 2.**

Oorerflikheid en genetiese korrelasies (bokant diagonaal) vir groei en doeltreffendheids-eienskappe in Angus Bulle en Verse

Eienskap <sup>a</sup>	GDT	Geboorte- Gewig	Voerinname	VO	NVI
GDT	<b>0.28</b>	0.53	0.54	-0.63	-0.04
Geboorte Gewig		<b>0.04</b>	0.65	-0.01	-0.06
Voerinname			<b>0.39</b>	0.31	0.69
Voyeromset (VO)				<b>0.29</b>	0.66
Netto Voerinname (NVI)					<b>0.39</b>

**Aangepas van Arthur et al. (2001a).**

Om by hierdie probleme verby te kom het wetenskaplikes in Australië die afgelope 10 jaar deeglike navorsing oor voeromset gedoen. Hulle het tot die slotsom gekom dat dit nie die moeite werd is om voeromset te meet nie. 'n Alternatief moes gevind word en die alternatief word Netto-voerinnome (NVI) genoem. Terwyl die voervereistes dieselfde is (bulle moet nog steeds individueel vir voerinname gemeet word), is die eienskap heeltemal verskillend.

### Wat maak NVI 'n beter eienskap?

- NVI meet die hoeveelheid voer wat 'n bees eet nadat sy verwagte groeivermoë en onderhoudsbehoefes gekorrigeer is.
- Dit meet dus die werklike voerinname. Nie die voer wat vir groei of onderhoud gebruik word nie.
- Daar is geen korrelasie tussen NVI en GDT of volwasse koeigewig nie. Deur vir NVI te selekteer word meer doeltreffende beeste geselekteer sonder om koeigrootte te beïnvloed
- Groeivermoë word d.m.v. speengewig verbeter (Die korrelasie tussen speengewig en GDT is hoog).
- NVI is hoogs oorerflik.

'n Amerikaanse navorsers, Dr Gordon Carstens van Texas A&M Universiteit het onlangs 'n baie goeie artikel oor NVI gepubliseer. Alhoewel die eienskap in Australië ontwikkel is, bestudeer Amerikaanse navorsers hoe die eienskap in Amerikaanse


## Van bl 6

rasse toegepas kan word. Dr Carstens se artikel kan vanaf ons webblad aftrek word.

### Vereistes om NVI te meet:

NVI kan of op die plaas (**Figuur 2**) of by 'n sentrale toetsfasiliteit (privaat sowel as staat) bereken word. Indien telers bulle of koeie vir NVI op die plaas wil toets, moet dit volgens BREEDPLAN standarde gedoen word (besonderhede is van die kantoor beskikbaar of kan vanaf ons webblad gekry word).

**Telers wat graag vir Netto Voeriname wil toets kan gerus Mnr Kerneels Derksen kontak. Mnr Derksen het 'n privaat toetsstasie. Telefoon nommer is: 082 415 0515**



**Figuur 2:** Netto Voeriname (NVI) kan of op die plaas met hierdie mobiele voereenheid of by 'n sentrale toetsfasiliteit gemeet word.

Om teelwaardes vir NVI te kry, vereis BREEDPLAN dat bulle binne 'n kontemporêre groep getoets word ('n kontemporêre groep is minimum 4 diere en moet ten minste twee bulle se nageslag verteenwoordig). Die maksimum ouderdomsgrens tussen diere is 60 dae. Bulle (of koeie) wat buite die 60 dae ouderdomsgrens val, word in 'n ander kontemporêre groep ge-evalueer.

### Karkas-eienskappe

BREEDPLAN gee vanaf 1991 teelwaardes vir eienskappe soos karkasgewig, vetdikte, oogspieroppervlakte, persentasie marmering en Verkoopbare-vleisopbrengs (**Figuur 3**). Geakkrediteerde tegnisi doen die skanderings m.b.v. ultrasoniese toerusting. Diere moet tussen 300 en 800 dae oud wees en verkieslik in redelike kondisie wees. Net diere wat 60 dae van mekaar gebore is word saam in die berekenings vergelyk.

'n Groep wat die bedryf verteenwoordig, koördineer Ultrasoniese Skanderings van beeste in Suider-Afrika. Die groep staan as die South African Real Time Ultrasound groep bekend (SARTU). Die eerste akkreditasie van tegnisi sal einde Januarie 2003 plaasvind.



**Figuur 3.** BREEDPLAN gee vanaf 1991 teelwaardes vir eienskappe soos karkasgewig, vetdikte, oogspieroppervlakte, persentasie marmering en Verkoopbare-Vleisopbrengs

### Funksionele-doeltreffendheid

Funksionele-doeltreffendheid is 'n maatstaf wat klem plaas op die vermoë van 'n dier om te reproduseer, te produseer en om in die betrokke omgewing aan te pas. Die eienskappe sal altyd belangrik wees en moet eerste voor geselekteer word. Eienskappe wat deel vorm van funksionele-doeltreffendheid is eienskappe soos hoewe, bouvorm, libido en konformasie. Ten spyte van die feit dat 'n dier goeie produksie syfers het, word 'n dier uitgeskot indien daar funksionele foute is. Funksionele-doeltreffendheids-eienskappe word deur BREEDPLAN wetenskaplik subjektief sowel as objektief gekwantifiseer (Hierdie eienskappe vorm ook deel van prestasiedata). In die BREEDPLAN handleiding (Beskikbaar vanaf die BREEDPLAN kantoor in beide Afrikaans en Engels) word die funksionele-doeltreffendheids-eienskappe uiteengesit en in diepte bespreek.

### Slotopmerking

BREEDPLAN is 'n uiters gevorderde teelstelsel wat meer geld in jou sak sal sit. Die skema is ook so ontwerp dat telers moeitewy hulle eie metings kan neem. Die prestasietoetsskema maak dit vir die teler so maklik as moontlik en terselfdertyd is die eienskappe wat gemeet word op ekonomiese beginsels gebaseer.

### Verwysings

Arthur et al: J Anim Sci, 2001a, 79:2805-2811  
Herd en Bishop, 2000. Livestock Production Science, 63: 111-119

# Commercial performance register

## The Brahman Commercial Performance Register (BCPR)

The Brahman Commercial Register (BCPR) is a facility offered by the Brahman Society of South Africa to enable the recording of commercial Brahman and Brahman influenced crossbred animals on the Society's Brahman SA GROUP BREEDPLAN database.

The BCPR is not designed to be a seedstock register. Consequently, only steers and heifers may be recorded as the progeny of BCPR females. No entire males can be recorded.

Producers of commercial Brahman cattle can use the BCPR, along with Brahman SA GROUP BREEDPLAN, to improve their herd management and marketing. For example, by performance recording, producers can improve their success in identifying superior females, and are able to make more informed mating and culling decisions to improve herd productivity and to target specific market requirements.

Pedigree Certificates will be issued by the Brahman Society for BCPR females. These certificates provide valuable documentation of the genetics of BCPR animals, thereby potentially "value adding" to these animals in the marketplace.

## Who should use the BCPR ?

The BCPR is intended for use by breeders who wish to performance record their commercial cattle. Enrolment of animals on the BCPR provides a pathway for animals to be recorded on Brahman Commercial Performance Register (GROUP BREEDPLAN). This system uses pedigree and performance information to calculate Estimated Breeding Values (EBVs) for the full range of maternal, growth, fertility and carcase traits.

The BCPR is particularly suitable for commercial herds working with Brahman seedstock producers to progeny test bulls for feedlot performance and carcass traits. Performance recorded animals which are enrolled on the BCPR are eligible to be included in Brahman SA GROUP BREEDPLAN, thereby

providing a mechanism for analysis of progeny test data. Breeder's of straightbred commercial Brahman cattle can participate in the BCPR and Brahman GROUP BREEDPLAN immediately. Breeder's of Brahman influenced crossbred animals can also enrol their cattle on the BCPR and submit performance records to Brahman GROUP BREEDPLAN. *However, EBVs cannot currently be provided for crossbred animals which may be compared directly to the Brahman GROUP BREEDPLAN base. Initially all EBV's for crossbred animals will be within herd and should only be used for within herd selection.* Further development of the Brahman SA GROUP BREEDPLAN system is underway to enable the production of comparable EBVs for crossbred animals in the near future.

## How do you enrol animals in BCPR ?

Only Full members of the Brahman Society are eligible to record animals in the BCPR. Commercial members who wish to use the BCPR will have to upgrade their membership status. Current Brahman Appendix A and B females can be downgraded to BCPR status.

However, members should be aware that only female and steer calves can be bred from BCPR females. Any bull calves from BCPR females must be castrated.

Members who wish to enrol new females onto the BCPR can do so by completing an BCPR Base Female Capture Form. Copies of the BCPR Base Female Capture Form are available from the Brahman Society.

The minimum requirements for heifers or cows to be enrolled as Base Females on the BCPR is a unique individual animal identification number, the animal's birth year and its breed composition. If known, actual birth dates and sire idents can also be optionally included to improve the accuracy of genetic evaluation through Brahman SA GROUP BREEDPLAN.

For further details on the Society Regulations for recording in the BCPR see **Brahman Cattle Breeders Society of South Africa Breeding Regulations.**

Following the recording of Base BCPR animals on the Brahman Society database, a "Birth Notification Form" is returned to the breeder. These details include Calf Ident, Sire Ident, birth date, birth weight (optional) and calving ease score (optional).

Following the notification of calf details on the Birth Notification Form breeders are sent further forms for entry of subsequent performance details (200-Day Wt, 400-Day Wt, etc.) for inclusion in the Brahman GROUP BREEDPLAN.

## What does it cost to use the BCPR ?

The fees for using the BCPR facility are outlined in the Brahman Society Regulations. These fees are designed to cover the cost of operating the BCPR facility whilst providing a commercially affordable option for members. The cost of enrolling base (new) females on the BCPR is R2.50 (excludes VAT) per animal. This fee covers the initial entry of females on the BCPR plus the first year's Herd Inventory fee. Following the first year, an annual Herd Inventory fee of R3.50 (excludes VAT) is payable for all females 2 years of age and older recorded on the BCPR. In addition, historic performance data can also be included at a cost of R1.50 per calf (includes VAT). All other costs are according to the Brahman Cattle Breeders Society of SA cost structure. If you require further information on the BCPR, contact the Brahman Society - Phone (051) 448 0603, or Fax (051) 430 4277, or e-mail [bcpr@brahman.co.za](mailto:bcpr@brahman.co.za).

## BCPR Enrolment Checklist:

- Enrol as a Full Member of the Brahman Society of South Africa
- Enrol your herd for Brahman Performance Testing
- List all new females to be recorded on the BCPR on the Base Female Capture Form
- Send the completed Membership Application, Brahman Cattle Breeders Society of South Africa and BCPR Base Female Capture

## Forms to:

Membership Services-  
The Brahman Society of  
South Africa,  
P.O.Box 3360,  
Bloemfontein 9300

# GeneSTAR® tenderness en marbling

GeneSTAR® Tenderness en GeneSTAR® Marbling is DNS toetse vir gene met 'n groot effek in vleisbeeste wat vleis kwaliteit verbeter.

GeneSTAR® Tenderness en GeneSTAR® Marbling toets of die dier 'n geen met 'n groot effek vir sagtheid van vleis en marmering dra. Marmering is die repies vet wat binne in vleis voorkom en die vleis smaaklik en sappig maak.

Die toets is hoogs akkuraat. 'n Dier dra of twee, een of geen afskrifte van die gunstige geen. (Vir gerieflikheidshalwe verwys ons na sulke diere as twee ster, een ster of geen ster diere).



GeneSTAR Tenderness sal vroeg in 2003 in samewerking met die Brahman Genootskap geloods word

'n Enkele toets kos R400. Indien vir beide marmering en vleissagtheid getoets word dan is die prys heelwat minder. Daar is ook 'n prysvermindering vir telers wat meer as een dier toets. GeneSTAR monster-houers kan kosteloos vanaf die kantoor bestel word (Posbus 543, Irene, 0062. Tel 012-6675258)



## Kenmerke van GeneSTAR

- Die toets is hoogs akkuraat.
- Vir sagtheid is daar 'n 8-10% verkil in Warner Bratzler (sagtheids maatstaf) tussen twee ster en geen ster diere.
- Vir marmering is daar 'n 10-13% verskil tussen twee ster en geen ster diere.
- Geen negatiewe assosiasies is met karkas of produksie eienskappe gevind nie.
- Alle rasse dra die gene. Sommige het wel meer van die positiewe gene as ander rasse.
- Seleksie vir die gene sal baie vinnig 'n ras of kudde se vleiskwaliteits eienskappe bevorder.

**Tabel 1:** Die Tabel wys hoe GeneSTAR® resultate geïnterpreteer word:

	<b>= 2-STER -</b>	Dra twee afskrifte van die gunstige vorm van die GeneSTAR geen
	<b>= 1-STER -</b>	Dra een afskrif van die gunstige vorm van die GeneSTAR geen
	<b>= 0-STER -</b>	Dra geen afskrif van die gunstige vorm van die GeneSTAR geen

**Tabel 2:** Die verwagte nageslag as verskillende kombinasies ouers met sekere GeneSTAR® klasse met mekaar gepaar word, is as volg:

Bull	Koei:	Koei:	Koei:
	Alle nageslag:	50% 50%	Alle nageslag:
	50% 50%	25% 50% 25%	50% 50%
	Alle nageslag:	50% 50%	Alle nageslag:

Mnr Lewellyn Angus (Voorsitter van die Simmentaler en Simbra Genootskappe) en Dr. Michael Bradfield, met 2 ster marmering bul, Wisp Will Pert 4.

# Vleisbeesteling in Suid-Afrika

*Professor Gert Erasmus was lank aktief in Merinoteling betrokke. Hy het onlangs, deur van sy studente, ook in vleisbeesteling betrokke geraak. Ons het hom gevra om sy opinie van vleisbeesteling in Suid-Afrika te gee gesien teenoor Merinoteling.*

Daar is 'n selfvoldane kalmte en rustigheid by baie vleisbeesstoettelers in Suid-Afrika te bespeur. Hulle voel hulle is op die regte pad en hulle beskik oor unieke genotipes waarop hulle met reg trots kan wees en waarop die res van die wêreld met reg jaloers is. Vir 'n genetikus wat vir byna 'n leeftyd lank met wat mens 'n totale genetiese rewolusie kan noem, by Merinoskape te doen gehad het, lyk dit tog of ons vleisbeestelers heelwat rede tot onrustigheid het. Hulle het ongetwyfeld uitstekende unieke rasse maar die knoop lê by die feit dat, soos Dobzansky dit stel: "A breed is not a static entity but a process".


Vleisbeesteling in Suid-Afrika is, om die minste te sê, baie eienaardig. Daar is reeds meer as 30 "erkende" en seker net soveel "nie-erkende" rasse in Suid-Afrika. Die getal styg steeds want kort-kort word nog 'n ras ingevoer of 'n nuwe een plaaslik deur kruisings geskep. Die meeste vleisbeeste in die land behoort natuurlik nie duidelik tot enige spesifieke ras nie. Die SA Vleisbeesteler is duidelik nog ontevrede met wat hy in die land het. Hy is deurentyd op soek na iets nuuts - al is dit net 'n nuwe kombinasie van bestaande rasse. Dit is interessant om daarop te let dat die Merinorasse in Suid-Afrika deur amalgamasie oor die laaste tyd minder geword het.

Waarom nie eerder bestaande rasse geneties verbeter nie, wat na 'n logiese alternatief klink? Feit is dat die meeste bestaande suiwer rasse nie voldoende genetiese variasie besit in al die eienskappe wat geneties verbeter moet word nie. Ons beheptheid met rasstandaarde, rasegtheid en suiwerteling het die meeste van hulle deur genetiese bottelnekke gedruk wat genetiese variasie ernstig geknou het. Ons wou mos altyd eienskappe "vasteel". Ons het miskien mooi koppe vasgeteel maar daarmee saam ongelukkig ook lae vrugbaarheid. Alle aangepaste rasse is (of was) hoogs vrugbaar want natuurlike

seleksie waaraan alle kuddes deurentyd onderworpe is, is slegs vir voortbestaan, derhalwe vir vrugbaarheid en oorlewing. Wat die mens bykomend wil verbeter moet hy self voor selekteer. Dit kan heel doeltreffend in harmonie met natuurlike seleksie gedoen word soos telkens reeds bewys. As hy die uitdrukking van die eienskappe (voorkoms en produksie) waarop hy besluit het verder wil verhoog deur die omgewing te verbeter, soek hy egter moeilikheid. Sy "vordering" is dan nie slegs geneties nie en natuurlike seleksie sal verslap in die meer gunstige omgewing. Die ergste wat uiteindelik kan gebeur is dat, as hy teruggaan na die ou omgewing, voorkoms en produksie glad nie beter is nie, maar vrugbaarheid en oorlewing nou laer is! Dit is waarom genetici bekommerd is oor die feit dat stoettelers se diere dikwels op 'n hoër bestuurs- en voedingspeil as die van hul kommersiële kliënte is. Dit is ook waarom Merinotelers besig is om dramaties weg te beweeg van opgevoerde stoetskape. Stoetdiere moet onder dieselfde toestande aangehou word waaronder ons verwag hul kommersiële nageslag moet produseer en reproduseer.

Net soos met kunsmatige seleksie, hang die sukses van natuurlike seleksie af van die mate van genetiese variasie. Trouens, Fisher se fundamentele stelling sê dit is al wat vordering met natuurlike seleksie bepaal. Met geen genetiese variasie, kan daar geen sprake van vordering met seleksie wees nie. Hierbenewens kan natuurlike seleksie in sulke gevalle baie wreed wees deur heel bevolkings in 'n oogwink uit te wis met enige verandering in die omgewing. Variasie en aanpasbaarheid is eintlik sinoniem, want die omgewing is nooit konstant oor tyd nie. Die doel van seksuele voortplanting is nie slegs voortplanting nie (daar is baie ander vorme) maar om variasie in stand te hou. As daar niks onnatuurliks gedoen word nie sal genetiese variasie in 'n seksuele voortplantende spesie altyd daar wees. Die diereteler moet dit as sy grootste bate beskou en dit beslis nie probeer vernietig nie. Daarsonder kan hy en natuurlike seleksie niks uitrig nie.

Die moderne wetenskaplike benadering tot diereverbetering word dikwels 'n



**Prof. G.J. Erasmus**  
Universiteit van die Vrystaat  
Bloemfontein

"populasie benadering" genoem omdat heel populasies (troppe) die eenheid is waarmee gewerk word. Die doel is dan om deur middel van kunsmatige seleksie die gemiddeld van die populasie te verskuif. Hoe groter die populasie (groter variasie) hoe beter. Dit is wat genetici so opgewonde oor BLUP maak want die populasie waarmee gewerk word kan nou 'n hele ras wees. Dit is werklik eienaardig dat groepteling, voor BLUP, nie werklik by vleisbeestelers wat dit weens klein kuddegroottes meer nodig gehad het, posgevat het nie maar wel by Merinotelers wat dit weens groter kuddes veel minder nodig gehad het.

Dit kan wees dat heelwat vleisbeestelers nog die outydse "suiwertelende benadering" het. Daardeer word gepoog om diere eenders en meer verwant te maak in die hoop dat dit homosigose en daarmee saam ook "erfdwang" sal verhoog. Soos reeds probeer uitwys is dit 'n futiele poging wat slegs tot ondergang kan lei - vra maar ons Merinotelers.

Rasegtheid is glad nie meer 'n faktor in kommersiële hoenders en varke nie. Ons eie Merinos het 'n evaluasiestelsel gebaseer bloot op ekonomiese beginsels, waar enige ander ras ook kan kwalifiseer as hy bestaande Merinos, wat nageslag betref, ekonomies kan troef. Natuurlik kan enige dier wat aan sekere vereistes voldoen nou as "stoet" geregistreer word. Hy hoef nie meer,

# Net Feed Intake EBVs - Feed efficiency

Since its inception, BREEPLAN has progressively increased the range of traits breeders can choose to record. To the initial growth and milk traits, have been added calving ease, fertility and carcass traits, and now Net Feed Intake - a measure of feed efficiency.

Feed efficiency is recognised as one of the most economically important production traits. It particularly affects profitability of feedlots, but is also significant for grazing enterprises. Imagine the benefits of being able to run even 5% more stock in a paddock or to be able to leave the current stock in a paddock 5% longer. The incorporation of feed efficiency tests into BREEPLAN, has had to wait for detailed research on how to measure and interpret the trait. The NSW Agriculture research team at Trangie, with MLA (Meat and Livestock Aust) funding assistance, has been conducting a major experiment since 1993 to gather the required information. Results from the Co-operative Research Centre (Beef CRC) at Armidale, using facilities at its "Tullimba" feedlot, have increased our understanding of the trait and added to the numbers of cattle tested.

## Net feed intake

Following extensive industry consultation, the research teams have recommended that BREEPLAN uses the measure NET FEED INTAKE (NFI). In simple terms, this is the amount of feed an animal eats, under or over, that expected for its weight and gain. This measure has the important benefit of being independent of the animal's weight gain. By contrast for example, the common measure of FCR (Feed Conversion Ratio, calculated as feed intake / weight gain), was rejected because of its close link with gain and mature size. Selection on FCR would rapidly increase mature weight. With NFI, more efficient cattle can be found within any desired cattle size range, and selection will not increase mature size.

## How is NFI measured?

Feed intake tests can either be conducted on farm or, more commonly, at central test stations. Individual feed intakes are currently measured over a set test period of 70 days. (Investigations are continuing into ways of shortening the test. This will depend on the facilities and particularly how often cattle are weighed). While manual feeding systems can be used,

